# VOETSLAANKLUB STELLENBOSCH

## PROGRAM: AUGUSTUS – DECEMBER 2026

| Datum | Roete | Gradering | Kontakpersoon |
|---|---|---|---|
| 25 Julie | Rhodes Memorial tot – Kirstenbosch (kan verander) | 11 km 2A Groen | Christelle Bester 072 824 7002 |
| 1 Augustus | Swartkop tot Smitswinkelbaai, Simonstad | 14 km 3COranje/Rooi | Adriaan du Pisani 072 822 7523 |
| 8 Augustus | Stellenbosch Bergpad | 6 km 1AGroen | Mariella de Lange 072 170 2888 |
| 15 Augustus | Missing Link | 12km 2AGroen | Louise Dudley 083 635 1510 |
| 22 Augustus | ARC Franschhoek, Bergrivierdam, Scherpenheuwel | 14 km 2BOranje | Linda du Toit 072 1070 213 |
| 29 August | Grotto Bay Private Nature Reserve | 13km 2A Groen | Cynthia Slattery 072 246 1902 |
| 5 September | Inligting sal later bekend gemaak word | | |
| 12 September | Tweede Waterval, Jonkershoek | 12 km 2A/BOranje | Willie van Wyk 072 283 6856 |
| 19 September | Highlands roete, Kleinmond | 14 km 2BOranje | Linda du Toit 072 1070 213 |
| 26 September | Judas Piek, Tafelberg | 10 km 3C Rooi | Hein Gericke 082 777 0881 |
| 3 Oktober | Die Plaat, De Kelders tot Hermanus | 16 km 2BOranje | Linda du Toit 072 1070 213 |
| 10 Oktober | Olifantsbos tot Sirkelvlei Kaappunt | 2A 12km | Adriaan du Pisani 072 822 7523 |
| 16 to 18 Oktober | Naweek-uitstappie op Plaas Houdenbek, Ceres omgewing | 3B | Helmien Jonker 0828553178 |
| 17 October | Oude Bos Roete, Kogelberg reservaat | 10 km 2BOranje | Maryna Loubser 084 548 2864 |
| 24 Oktober | Perdekop Mont Rochelle - Franschoek | 15km 2B Oranje | Hanlie Caine 0825295440 |
| 31 Oktober | Muizenberg Piek | 12km 2B Oranje | Hein Gericke 082 777 0881 |
| 7 November | Kasteelpoort, Branderplank en Kabelkar | 16km 3B Oranje | Johanita Kotze 082 658 4082 |
| 14 November | Jaar einde funksie | | |
| 21 November | Stellenbosch berg: Vanaf Assegaaibos tot by Paradyskloof | 14 km 3B/COranje/Rooi | Johanita Kotze 0826584082 |
| 28 November | Gordonsbaai, Steenbras reservaat | 10 km 2BOranje | Fay Pistorius 078 370 2269 |
| 5 Desember | Vogelgat - Maanskynbaai | 15 km 2B Oranje | Loumarie van Wyk 084 622 2804 |
| 12 Desember | Pringlebaai en swem | 10km 2B | Mariella de Lange 072 170 2888 |

**Naweek en langer stappe:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Naweek stap 16 tot 18 Oktober Naweek-uitstappie op Plaas Houdenbek, Ceres omgewing**<br><br>**Kontak helmienjonker@hotmail.com, 0828553178 voor 15 Augustus 2026 om te hoor vir kansellasies. Daar is net plek vir 10 persone.**<br><br>**Die groep is tans reeds vol bespreek. Indien meer stappers belangstel, is hulle welkom om aan te sluit, maar sal eie akkommodasie by Houdenbek kampeerplek of naburige plaas moet organiseer. Boplaas 0761412720 Kyla. Ribbokskloof 0795237010 Welma.** | | | |
| **Ryafstand** | Stellenbosch tot Houdenbek plaas 178km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R890 |
| **Stapafstand** | Dagstap na die Heiveldboog heen en terug 7km | **Fooi** | Akkomodasie: R860 per nag vir 2 persone in twee Kothuise wat elk maksimum 10 persone akkomodeer. |
| **Gradering** | | **Stapleier** | |
| **Aanmeldtyd** | | **Vertrektyd** | Reëlings word onderling gemaak. |
| 'n Ongelyke voetpaadjie wat steil opdraand gaan, tot by die groot en indrukwekkende Heiveldboog. Goeie stapfiksheid noodsaaklik. Geen blootstelling aan afgronde. Tipiese Cederberg plantegroei en rotsformasies. Pragtige uitsigte. Fietsroetes ook beskikbaar. | | | |

**Baviaanskloof Canyon 11 to 17 Desember 2026**
**Maak seker jy is reg vir die avontuur, hoogtes, poele, berge en dale! Vol bespreek**

**Dagstappe**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Saterdag 25 Julie Rhodes Memorial – Kirstenbosch (kan verander, kontak Christelle nader aan die tyd)**<br><br>**Bespreek by Christelle Bester by 082 6584082 teen 25 Julie** | | | |
| **Ryafstand** | 45 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R200.00 |
| **Stapafstand** | 11km | **Toegangsgeld** | |
| **Gradering** | 2AGroen | **Stapleier** | Christelle Bester |
| **Aanmeldtyd** | 8h00 by Rhodes Memorial | **Vertrektyd** | Uit Stellenbosch 07h15 |

Ons begin stap by Rhodes Memorial en stap tot ons die kontoer pad bereik. Ons volg dan die kontoer pad tot by Kirstenbosch.

**Saterdag 1 Augustus   Swartkop - Smitswinkelbaai**

**Bespreek by Adriaan du Pisani by 072 822 7523  teen 31 Julie**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 80 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R240.00 |
| **Stapafstand** | 14 km | **Toegangsgeld** | Geen |
| **Gradering** | 3Coranje/Rooi | **Stapleier** | Adriaan du Pisani |
| **Aanmeldtyd** | 9h00 Simonstad | **Vertrektyd** | Uit Stellenbosch 6h30 |

Hierdie roete bied lieflike uitsigte oor Valsbaai.Vanaf Simonstad klim ons teen die hang van Swartkop uit tot bo-op die kruin (678 m). Op pad boontoe gaan loer ons eers gou na 'n ou blokhuis, neem 'n paar foto's, eet en rus. Vanaf Swartkop beweeg ons op die berg se rug in die rigting van Smitswinkelbaai. Ver onder ons kan ons talle skilderagtige baaitjies sien. By Smitswinkelbaai gekom, begin ons steil teen die skuinste afdaal en bereik ons motors wat ons vooraf by die Kaappunt Natuurreservaat se hek sal parkeer.

**Saterdag 8 Augustus   Stellenbosch Bergpad**

**Bespreek by Mariella de Lange by 072 170 2888 teen 7 Augustus**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | Geen | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | Geen |
| **Stapafstand** | 6 km | **Toegangsgeld** | Geen |
| **Gradering** | 2A Groen | **Stapleier** | Mariella de Lange |
| **Aanmeldtyd** | | **Vertrektyd** | 08h00 Coetzenburg |

Ons stap vanaf Coetzenburgstadion al langs die Eersterivier op, verby Koloniesland, na die hangbrug toe. Oor die Eersterivier by die hangbrug, styg ons die berg op die “jeep track” tot by die spookhuis. Hiervanaf het ons ’n magiese uitsig van Botmaskop, Die Twee Pieke, Jonkershoek berge en die Lanzerac Landgoed in die valei, Simonsberg met die woonbuurte aan die voet daarvan, die uitsig oor die universiteits kampus en die midde dorp. Op ’n wolklose dag sal ons Tafelberg in die verte kan sien. Vandaar volg ons die berg pad, verby die dam, terug Coetzenburg toe.

**Saterdag 15 Augustus 2026: Missing Link, Kampsbaai**

**Bespreek by Louise Dudley by 083 635 1510 teen 12:00 op Vrydag 14 Augustus.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 60 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R180.00 |
| **Stapafstand** | 12km | **Toegangsgeld** | geen |
| **Gradering** | 2A | **Stapleier** | Louise Dudley |
| **Aanmeldtyd** | 06:45 | **Vertrektyd** | 07:00 |

Die Twaalf Apostels “Missing Link Loop” is ‘n 12km sirkelroete wat begin en eindig in Theresalaan, Kampsbaai. Die kontoerpad het lieflike uitsigte op die Twaalf appostels, Leeukop en die Atlantiese Oseaan en is redelik gelyk, maar dit eindig met ’n stywe opdraende terug na die voertuie. (Totale elevasie van 365 m). Daar’s baie min skaduwee.

| **Saterdag 22 Augustus ARC Franschhoek; Bergrivierdam**<br><br>**Bespreek by Linda du Toit by 072 1070 213 teen 21 Augustus** | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 35 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R100.00 |
| **Stapafstand** | 14km | **Toegangsgeld** | R60.00 |
| **Gradering** | 2BOranje | **Stapleier** | Linda du Toit |
| **Aanmeldtyd** | 7:00 | **Vertrektyd** | 7:15 |
| Ons ontmoet om 8:00 by die toegangshek aan die agterkant van die Bergrivier dam. Volg die Robertsvlei pad vanaf die R45 pad. Scherpenheuwel is een van die kleiner pieke in die Franschhoekvallei wat begin by die Bergrivierdam se kontrolehek (Robertsvlei) en wat Assegaaiboschkloof en die Bergrvierdam van mekaar skei. Dit bied ongelooflike uitsigte aangesien ons ŉ 360° sirkelroete gaan stap. Ons begin op ŉ ou bosboupad geleidelik teen die berg op, en volg dan ŉ voetslaanpaadjie. | | | |

| **Saterdag 29 Augustus 2026. Grotto Bay stap. Grotto Bay Privaat Natuur Reservaat, Weskus.**<br><br>**Bespreek by Cynthia Slattery teen Vrydag 28 Augustus, 13:00 by 072 246 1902** | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 90 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R270.00 |
| **Stapafstand** | ± 13 km | **Toegangsgeld** | Geen |
| **Gradering** | 2A Groen | **Stapleier** | Cynthia Slattery |
| **Aanmeldtyd** | 07:00 | **Vertrektyd** | 07:15 |
| Die stap begin by ‘’Grotto Bay’ aan die Weskus. Ons parkeer ons motors by die publieke strand parkeering naby the privaat Grotto Bay Natuur Reservaat. Ons stap ‘n kort endjie padlangs en teken in by die sekuriteit.. Vanaf die sekuriteits pos, stap ons al langs die brandbaan, verby die bewarings sentrum in die rigting van die duine aan die noordelike kant. Ons loop oor die duine na die strand toe en loop daarvandaan weer strandlangs terug na ons motors toe. Die pad is sanderig en daar is geen skaduwee nie. Bring baie water saam, siende daar geen water op die roete is nie. Die paadjie lei ons deur pragtige fynbos en blomme deur ŉ diverse kuslyn. Gedurende die lente word die strandveld ‘n kleurvolle kaleidoskoop van kleurvolle blomme. | | | |

**5 September: Inligting sal later bekend gemaak word.**

| **Saterdag 12 September Tweede Waterval, Jonkershoek**<br><br>**Bespreek by Willie van Wyk by 072 283 6856 teen 6 Maart.** | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | Geen | | |
| **Stapafstand** | 12 km | **Toegangsgeld** | R60.00 Wildcard houers gratis |
| **Gradering** | 2BOranje | **Stapleier** | Willie van Wyk |
| **Aanmeldtyd** | 07:00 in Jonkershoek | | |

| **Saterdag 19 September, Highlands trail, Kleinmond**<br><br>**Bespreek by Linda du Toit teen 18 September.** | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 75 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R200.00 |
| **Stapafstand** | 12 km | **Toegangsgeld** | R60.00 Wild card houers gratis. Koste vir die vervoer van bestuurders vanaf Kleinmond terug na Iona |
| **Gradering** | 2BOranje | **Stapleier** | Linda du Toit |
| **Aanmeldtyd** | 6:45 | | 7:00 |
| Die roete begin by die Iona wynlandgoed. Draai af van die N2 by Peregrine padstal.<br>Ons stap deur die plaas en dan met paadjies deur die fynbos tot in die Rooisand natuurreservaat. Ons kruis die R44 en stap dan al langs die Botriviervlei. Dalk sien ons die perde. Dan is dit strandlangs tot by Kleinmond. | | | |

| **Saterdag 26 September Judas Piek, Tafelberg –**<br><br>**Bespreek by Hein Gericke 082 777 0881 teen 25 September** | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 64 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R130.00 |
| **Stapafstand** | 10 km | **Toegangsgeld** | Geen |
| **Gradering** | 3C Rooi<br>6 ure se stap (645 m klim) | **Stapleier** | Hein Gericke |
| **Aanmeldtyd** | | **Vertrektyd** | Uit Stellenbosch 6h30 |
| Judaspiek is die laaste een van die Twaalf Apostel pieke op die agterste tafel van Tafelberg. Ons parkeer by Ruyteplaats net langs die bekende Suikerbossie. Die steil roete volg “ Hout Bay corner”en “ Llandudno ravine”tot bo waar dit effens afplat tot by Judaspiek. Ons volg dieselfde roete terug. Op bykans die hele roete word ons begroet met asemrowende uitsigte oor Houtbaai, Llandudno en op ’n mooi dag selfs Kaappunt. Daar is twee gedeeltes waar toue en hake (staples) aangebring is om te help met die klim-en-klouter, soorgelyk aan Leeukop. Die roete is duidelik gemerk. ’n Goeie fiksheidsvlak en afwesigheid van hoogtevrees is ’n vereiste. | | | |

| **Saterdag 3 Oktober Die Plaat; De Kelders tot Hermanus**<br><br>**Bespreek by Linda du Toit by 072107 0213 teen 2 Oktober** | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 136 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R400.00 |
| **Stapafstand** | 15 km | **Toegangsgeld** | R60 of Wildcard |
| **Gradering** | 2BGroen/Oranje | **Stapleier** | Linda du Toit |
| **Aanmeldtyd** | 6:30 | **Vertrektyd** | 6:45 |
| | | | |

Ons begin stap by die parkeerterrein van die Walker Bay reservaat by die Kelders. Ons stap die heelpad seelangs en sal onder andere by Galjoenbank, Voorsteklip & Sopiesklip verbystap. Ons kyk uit vir robbe, Swart Tobies & hopelik walvisse. Indien die wind sterk waai, mag ons moontlik in die teenoorgestelde rigting vanaf die Kleinrivier by Hermanus begin stap. Sonskerm is noodsaaklik

**Saterdag 10 Oktober   Sirkelvlei – Olifantsbos Kaappunt**

**Bespreek by Adriaan du Pisani by 072 822 7523 teen 9 Oktober**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 80 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R240.00 |
| **Stapafstand** | 11km | **Toegangsgeld** | Kaappunt Reservaat R110 SA id |
| **Gradering** | 2AGroen | **Stapleier** | Adriaan Pisani |
| **Aanmeldtyd** | 8h30 Kaappunt | **Vertrektyd** | Uit Stellenbosch 6h30 |

‘n Lieflike roete met kus en fynbos dele. Ons begin stap by Olifantsbosbaai binne in the Kaappunt reservaat. Ons loop op die strand verby twee waarna ons geleidelik opklim na die escarp en ‘n sirkel stap na Sirkelsvlei en terug na die kus. Dis ‘n maklike terrain met geen uitdagings en baie tyd vir fotos en verwondering, met al die interesante ervarings oppad.

**Saterdag 17 Oktober   Oude Bos Roete, Kogelberg reservaat**

**Bespreek by Maryna Laubser by 084 548 2864 teen 2 Oktober**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 45km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R200.00 |
| **Stapafstand** | 10km | **Toegangsgeld** | R70 vir permit, Wildcard gratis a |
| **Gradering** | 2B Oranje | **Stapleier** | Maryna Laubser |
| **Aanmeldtyd** | 8h00 Kogelberg Reservaat Kantoor | **Vertrektyd** | 07h00 Coetzenburg |

Ons ontmoet 8h00 by die Kogelberg Reservaat kantoor, sorteer permitte. Ons stap deur die Oudebos Bosch tot by die Waterval aan die bopunt van die Luiperdskloof en dan dieselfde pad terug. Kan miskien oppad terug by Piet se bos indraai. Daar is ’n paar stywe klimme en die terrein is op en af wat ’n redelike mate van fiksheid verg.  Meer details vir parkering ens. Sal per whatsup deurgegee word. Almal boek hulle eie permitte!

**Saterdag, 24 Oktober, Perdekop - Mont Rochelle**

**Bespreek by Hanlie Caine by 0825295440 teen 23 Oktober**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 45 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R140.00 |
| **Stapafstand** | 15 km | **Toegangsgeld** | R70.00 vir permit, Geen Wildcard affiliasie |
| **Gradering** | 2.5BOranje | **Stapleier** | Hanlie Caine |
| **Aanmeldtyd** | 6:45 | **Vertrektyd** | 7:00 |

Ons ontmoet om 8:00 by die toegangshek van Mont Rochelle Reservaat. Ons stap verby Breakfast Rock na Uitkyk. Ongeveer 2.7 km vanaf die toegangshek vertak die Perdekop-roete regs oos van die Uitkyk-roete (hoogte 1 108 m). Die voetpad gaan voort in 'n algemene oostelike rigting en klim (+/- 180 m) in die eerste kilometer. Vir die volgende 2

km swaai die voetpad in 'n noordoostelike rigting, dan noordelik en noordoos. Langs hierdie sektor kan pragtige panoramiese uitsigte oor die Wemmershoekvallei en omliggende kranse gesien word. Wes is Tafelberg op 'n helder dag sigbaar. Die voetpad swaai dan ooswaarts, kruis 'n klein stroompie en verby die afdraai na die terugroete (hoogte 1 488 m). Perdekoppiek (hoogte 1 575 m) is ongeveer 4.3 km vanaf die Uitkyk-afdraai. Dit word gemerk deur 'n groot klipstapel (hoogte 1 575 m).Vanaf Perdekoppiek daal die voetpad geleidelik in 'n suidelike, suidwestelike rigting. Die laaste stuk sluit 'n baie steil afdraande in die Du Toit-rivierkloof in, en 'n steil klim terug op. Van daar af is dit 'n kort entjie terug na die hek.

**Saterdag 31 Oktober  Muizenberg Piek**

**Bespreek by Hein Gericke by 082 777 0881 teen 30 Oktober**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 2 x 70 km | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R150 |
| **Stapafstand** | 12 km | **Toegangsgeld** | Geen |
| **Gradering** | 2B Oranje<br>(5 uur en 500 m klim) | **Stapleier** | Hein Gericke |
| **Aanmeldtyd** | | **Vertrektyd** | 06h30 |

Ons parkeer en ontmoet by Silwermyn Natuurreservaat hek 2. Die hek maak 08:00 oop. Die roete is aanvanklik gelyk totdat ons Hoër Steenbergpiek bestyg. Hier begroet pragtige uitsigte oor die suidelike voorstede, die agterste tafel van Tafelberg en die Kaapse vlakte ons. Die duidelike paadjie kronkel deur ŉ droomlandskap van verruklike rotsformasies omsoon met pragtige fynbos. Hierna daal ons af na ŉ grasvlakte voordat ons Muizenberpiek bestyg. Hier kyk ons af of Muizenberg en volg ons oë die kuslyn sover as Hangklip, aan die oorkant van Valsbaai, asook Simonstad in die suide. Ons keer met ŉ sirkelroete  verby nog interessante rotsformasies, wat met droombeelde en drogbeelde jou op verbeeldingsvlugte neem, terug na ons voertuie.

**Saterdag 7 November – Kasteelpoort, Branderplank en Kabelkar**

**Bespreek by Johanita Kotze by 082 658 4082 teen 6 November 2026**

**Koop jou kabelkar kaartjie voor die tyd aanlyn as jy nie ŉ wildcard het nie, vir afslag**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 65 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R200.00 |
| **Stapafstand** | 16 km | **Toegangsgeld** | kaartjie van kabelkar R295 (60 +jariges kry aansienlike afslag,R100) |
| **Gradering** | 3BOranje | **Stapleier** | Johanita Kotze |
| **Aanmeldtyd** | 7.15 by parkeerarea van Kloofnek | **Vertrektyd** | 6.30 vanaf Stellenbosch |

Hierdie is een van Tafelberg se roetes met die beste uitsigte oor Kampsbaai, Leeukop en die Twaalf Apostels. Tafelberg -een van die oudste berge op aarde, is 600 miljoen jaar oud.  Stap vanaf Teresa avenue, Kampsbaai. Sluit aan by Pipetrack, en van daar op met Kasteelspoort roete. Dit verg stamina en goeie fiksheid om plek plek te klouter oor rotse. Die voetpaadjie raak nogal steil. Van daar af stap ons na die bekende “Diving Board”(900m hoogte) waar mense graag fotos neem van die oorhangende rots. Dan stap ons na die boonste kabelhuis (1076m hoogte), waar verversings gekoop kan word, en ons tyd verwyl om uitsigte van daar te sien. Lere, maar min blootstelling.

NB Bring jou ID saam om standaard prys of afslag op ‘n enkel kaartjie te betaal om met kabelkar af te ry. Indien wind te sterk is, sal kabelkar nie loop, en hierdie stap gekanseleer word. Weer kan veranderlik wees op Tafelberg, pak dus warm klere in. Bring genoeg drinkwater saam.

**Saterdag 21 November – Stellenbosch berg: Vanaf Assegaaibos tot by Paradyskloof**

**Bespreek by Johanita Kotze by 082 658 4082 teen 20 November 2026**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 10km | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R20.00 |
| **Stapafstand** | 7 km | **Toegangsgeld** | R60.00 Wildcard gratis |
| **Gradering** | 3BOranje | **Stapleier** | Johanita Kotze |
| **Aanmeldtyd** | 7:00 by Eden bos. | | |

Ons ontmoet om 7:00 by die ingang tot Eden bos in Paradyskloof. Dan vertrek ons met van die voertuie na die Assegaaibos Natuur reservaat. Hier kry ons permitte. Ons begin stap vanaf die piekniekarea waar ons die motors parkeer. Stap deur die fynbos tot bo in die nek en op na die hoogste piek van Stellenbosch berg, vanwaar ons die uitsigte geniet. Ons stap af in pragtige fynbos na Paradyskloof, waar die motors geparkeer is. Hierdie is ŉ redelik tawwe stap en stappers móét bergfiks wees – neem ongeveer 8 ure. Daar is langdurige steil opdraande en afdraande met gedeeltes oor ongelyke terrein. ŉ Stapstok kan help.

**Saterdag 28 November 2026 Gordonsbaai – Steenbras Reservaat**

**Bespreek by Fay Pistorius by 078 370 2269 teen Vrydag 27 November**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 24km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R50.00 |
| **Stapafstand** | 10 Km | **Toegangsgeld** | Geen |
| **Gradering** | 2B Oranje | **Stapleier** | Fay Pistorius |
| **Aanmeldtyd** | 8:00 Bikini Beach parkering | **Vertrektyd** | 7:00 |

Ons stap die kontoer paadjie, net onder die GB wat geverf is op die berghelling net bo Gordon's Baai, deel van die Steenbras Reservaat. November, is ‘n lekker tyd om te swem en ons beplan ons stap om naby ‘n goeie swem plek te stop, so ons stap in ons swembroeke en swem waar ons wil! Ons kan parkeer by die parkeer terrain by Bikini Beach net voor 8:00 om seker te maak ons kry parkeering. Ons stap die berg deel eerste van wes na oos, swem, waarna ons, ons stap skoene verruil vir plakkies en dan opstap na Krystal hotel en terug terwyl ons die strand tussen die twee dokke, een by die seiljag klub en die ander by Harbour Island.

**Saterdag 5 Desember – Vogelgat Maanskynkop**

**Bespreek by Loumarie van Wyk teen 4 Desember by 084 622 2804**

**Die stap word beperk tot 9 stappers. Let op die vroeër aanmeldtyd.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ryafstand** | 100 km x 2 | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R300.00 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Stapafstand** | 15 km | **Toegangsgeld** | R100.00 bydrae tot die jaarlikse permit |
| **Gradering** | 3C Oranje | **Stapleier** | Loumarie van Wyk |
| **Aanmeldtyd** | 07h00 Vogelgat | **Vertrektyd** | Vertrek uit Stellenbosch om 05h30 |
| Beginpunt is by die kantoor van Vogelgat se natuurbeampte om 7h00. Die eerste gedeelte van die klim vorm deel van die Vogelgat-reservaat, terwyl die laaste gedeelte oor Cape Nature se grond gaan. Maanskynkop is op 960 meter op een na die hoogste spits in die Hermanus-omgewing. Dis ‘n redelike steil klim en neem sowat 6 uur heen en terug – beslis vir die meer fikses. Die uitsigte is baie spesiaal. | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Saterdag 12 Desember Pringle Baai en swem**<br><br>**Bespreek by Mariela by 072 170 2888 teen 11 Desember** | | | |
| **Ryafstand** | 65km | **Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste** | R150 |
| **Stapafstand** | 10km | **Toegangsgeld** | Geen |
| **Gradering** | 2B | **Stapleier** | Mariela |
| **Aanmeldtyd** | | **Vertrektyd** | 7h00 |
| Sal later bevestig word. Die roete moet eers verken word. Die beplanning is om te gaan stap en daarna in Maanskynbaai te gaan swem. | | | |